SÊ JOU SÊ!

# KONSEPBELEID OOR UNIVERSELE TOEGANG VIR 'N TOEGANKLIKE VERVOERSTELSEL

Die Stad Kaapstad se direktoraat stedelike mobiliteit is daartoe verbind om toeganklikheid in die vervoerstelsel te verbeter deur die opstel van die konsepbeleid oor universele toegang vir 'n toeganklike vervoerstelsel. Dit is belangrik om aan toeganklikheid aandag te gee in die lig van die belangrike rol wat openbare vervoer speel om mense toegang tot maatskaplike en ekonomiese geleenthede te bied.

Hierdie beleid streef daarna om toeganklikheidsuitdagings aan te pak wat in Kaapstad ervaar word deur mense met gestremdhede, bejaardes, minderjariges, vrouepassassiers, passassiers wat op kennisgewingborde staatmaak en passassiers wat goed saamdra. Dit sal 'n belangrike instrument wees om toeganklikheid oor die reisketting heen te verbeter. Die beleid oor universele toegang fokus op verbeteringe in die vervoerinfrastruktuur en openbarevervoerfasiliteite en -dienste waaroor die Stad regstreekse beheer het, ten einde toeganklike vervoer te verskaf wat universeletoegang-passassiers in staat stel om onafhanklik rond te beweeg.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om vanaf Donderdag 14 November tot Vrydag 13 Desember 2024 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voor te lê.

**Kommentaar, aanbevelings of insette kan voorgelê word per:**

- E-pos: (meld verwysing 110242504)
- Aanlyn: Skandeer die QR-kode om jou kommentaar digitaal in te dien
- Webwerf: Gaan na www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Skriftelike voorleggings: Vorms vir skriftelike voorleggings is beskikbaar by jou naaste subraadskantoor of Stadsbiblioteek

bitly

**Die konsepbeleid (insluitende die beknopte opsomming) sal beskikbaar wees by:**

- Die Stad se webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Alle subraadskantore en Stadsbiblioteke

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef of uit benadeelde groepe is en nie skriftelike kommentaar kan lewer nie, help. Kontak Zandile Mahlasela by 021 400 5501or of Zandile.Mahlasela@capetown.gov.za.

**Vir nog inligting stuur 'n e-pos aan UrbanMobility.CT@capetown.gov.za of kontak die projekbestuurder by 021 400 3262.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA136/2024

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.